Die Wapad

JAARGANG XIX — VRYDAG, 21 AUGUSTUS 1964 — NR. 11

SPESIALE UITGAWE

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

CLAASSEN & GROBLER (EDMS.) BPK.
Kerkstraat 193
POTCHEFSTROOM
★ MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS

*Dit Sal Bars Gaan, Maar . . .*

# EERSTESPAN KAN WEN

## *Kovsies Egter Gunstelinge*

**Die 1964-botsing tussen U.O.V.S. en Puk is geen uitsondering op hierdie reël nie: die onsekerheidselement dring op die vooraand van die wedstryd sterk na vore.**

**Die uitslag van 'n Intervarsitybotsing, soos van enige rugbywedstryd, bly onvoorspelbaar.**

**Op papier het U.O.V.S. verreweg die beste span en hulle moet as sulks ook as die gunstelinge beskou word. Met minstens sewe provinsiale spelers (een ook 'n Springbok) in hulle geledere, boesem hulle baie meer vertroue in as die Pukke wat net oor Jona Viljoen van interprovinsiale faam beskik.**

Gunstelingspanne het egter al erg teleurgestel terwyl spanne wat voor 'n wedstryd afgeskryf was, met sodanige besielende spel vorendag gekom het dat dit hulle teenstanders totaal ontwrig en op die verkeerde voet gevang het. Die Puk se optimisme lê juis daarin geleë dat hulle vir 'n verrassing kan sorg.

In hulle onderskeie ligakompetisies vaar albei spanne baie goed.

Op die Puk se eerstespan wag daar 'n moeilike taak — laat ons geen illusies daaroor koester nie. Dit is egter nie 'n onbegonne taak nie. Die omstandighede waaronder hulle verkeer is byna identies aan dié waaronder die W.P. enkele weke tevore teen Noord-Transvaal moes gaan stelling inneem het: die W.P. het sy vorige kragmeting teen Noord-Transvaal met 29-5 verloor — die P.U. syne teen U.O.V.S. met 28-5; die W.P. moes Goliat op sy tuiswerf aandurf — die P.U. ook; die W.P. was by vriend en vyand slegs 'n buitekans gegun — die P.U. ook. Tog het die W.P. verras en oortuigend gewen. Saterdag kan dieselfde van die P.U. gesê word.

**VASBERADE**

Een ding staan soos 'n rugbypaal bo 'n grasveld en dit is dat die Pukspan fiks, slaggereed en vasberade is. Hulle beskik nie oor swakker materiaal as U.O.V.S. nie. Albei spanne is ewe fiks en sal met gelyke kanse op die veld gaan. Indien Gert Cilliers en Dave Nel se beserings sodanig is dat hulle nie beskikbaar is nie, swaai die skaal ongetwyfeld meer in die Pukke se guns.

Die grondslag vir die oorwinning sal deur die voorspelers gelê moet word. Die Puk se stel voorspelers onder leiding van kaptein Jona Viljoen is goed gebalanseerd. In die vaste spel sal hulle nie geklop word nie. Dave Tromp en Paul du Plessis sal in die lynstane nie kan bekostig om lyf weg te steek soos teen Pote nie. In Bulletjie de Beer beskik die Puk oor 'n uitmuntende haker wat in die los ook meer as sy deel doen. Joof Otto se spel verbeter nog steeds terwyl Barrie Barnard se terugkeer na die kant van die skrum van deurslaggewende belang is en allerweë verwelkom word.

**VERDEDIGING SKEUR**

Hy is daardie vonkie wat die hele voorspelerkruitvat aan die brand kan steek om 'n gat deur U.O.V.S. se verdediging te skeur. Met Jan Kruger en Dawid Sauermann langs hom hoef die Puk se losvoorspelertrio nie 'n tree vir U.O.V.S. se provinsiale valke, o.a. Travers Jordaan en Koekoes Reinecke, terug te staan nie. Inteendeel, dit is gladnie onmoontlik dat die geeltruie hulle teenstanders in hierdie afdeling van die spel gaan oorskadu nie.

Op skrumskakel het die Pukke die bestendige Kobie van der Walt wat baie gevaarlik om die skrum kan wees. Die tweestryd tussen hom en Willie Strydom van U.V. behoort een van die hoogtepunte van die wedstryd te wees. Losskakel Dries Redelinghuys is geen briljante taktikus soos sy opponent Gerhard de Haas nie, dog hy sal sy span nooit in die steek laat nie.

Die Puk se senterpaar is 'n veilige kombinasie. Faan van Tonder is beide op die aanval en op die verdediging 'n steunpilaar. Gerrit Scholteimeijer se spel het met die proefwedstryde kommer gewek. Hy is 'n speler wat die een dag soos 'n Springbok speel en die volgende dag soos 'n derdeligaspeler. Saterdag kan maklik nog sy dag wees. Aan slaankrag ontbreek dit in die middeveld nie by die senters nie.

Vleuels Danie van Wyk en

Vervolg op bladsy 3



J. Otto
Foto: Fotokuns




J. Viljoen
Foto: Fotokuns



P. du Plessis
Foto: Fotokuns




D. Redelinghuys
Foto: Fotokuns




B. Barnard
Foto: Fotokuns



D. Tromp
Foto: Fotokuns



B. de Beer
Foto: Fotokuns



K. v. d. Walt
Foto: Fotokuns



J. Kruger
Foto: Fotokuns



F. van Tonder
Foto: Fotokuns

### TENNIS

**Mans: Eerste span**
E. Cronje
D. Gray (Kapt.)
J. van Staden
C. Marais
A. van Wyk
P. Groenewald

**Tweede span**
L. Theron
J. Schoeman
S. Mentz
T. Botha
A. Opperman
C. Claassens

**Derde span**
J. Strauss
D. Kriel
J. Botha
P. Viljoen
P. Roussouw
G. Fowler

### LANDLOOP

D. Burger
H. Burger
J. Mostert
J. Lampbrecht
H. Lombaardt

*Die Wapad*

VRYDAG, 21 AUGUSTUS 1964

# WEEREENS INTERVARSITY

Saterdag 22 Augustus — almal weet waarom die 22ste so belangrik is — Ja Pukke dit is weer eens Intervarsity. Intervarsity is eens van die hoogtepunte in die sportjaar, en ook een van die gebeure waarna die hele studentemassa uitsien. Dit is 'n naweek waar mens weer die boeke bietjie kan vergeet en jou sportmanne en -vroue kan gaan aanmoedig om hulle beste te lewer. Die naam van ons Universiteit is weer eens hier op die spel.

Op sportgebied het ons tot dusver groot hoogtes bereik: dink maar aan die Dalrymple —die Pote-wedstryde. Dit is maar 'n paar van die uitstaande gebeurtenisse. Ook op ander gebiede het ons uitgeblink. Intervarsity sal dus 'n groot gebeurtenis wees, veral as ons as oorwinnaars kan terug keer. Laat ons egter in die regte gees na Ukovsland gaan en daar as waardige Pukke optree.

Van die kant van die redaksie wil ons een en almal wat gaan deelneem slegs die beste toewens. Laat alles in die regte studentegees geskied en „In U Lig".

# In U Lig

**PREDIKER II, 9: „Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid, en wandel in die weë van jou hart en die aanskouing van jou oë. Maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring."**

Dit is weer Intervarsity en 'n tyd van pret en plesier waarin elkeen deel. Daarmee is op sigself niks verkeerd nie. Om vrolik en bly te wees is heeltemal reg. Om deel te hê aan die plesier is ook goed. Wat egter wel van belang is, is hoe ons daaraan gaan deelneem, in watter gees ons dit gaan geniet?

Ook die Prediker raai die jongeling aan om hom in sy jeug te verbly en vrolik te wees. Om te geniet wat sy hart begeer en sy oë aanskou. Dit belet hy nie maar hy skryf voor hoe dit moet geskied as hy die jongeling herinner dat God hom oor al hierdie dinge in die gerig sal bring. Die jongeling moet dit so geniet dat hy sonder vrees voor God sal kan verskyn. Daarom moet die hart en die oë op God gerig wees. Dan sal hy in sy plesier ook trag om God te verheerlik.

Dit moet dan ook die wyse wees waarop ons ons in hierdie dae geniet. Ook in ons plesier moet ons handel volgens Gods Woord en moet ons God se eer voorop stel. Alles wat nie tot Sy eer strek nie moet vermy word. Nou is dit dikwels so dat met Intervarsity drank misbruik word en die euwel moet ons vermy want dronkenskap strek nie tot Gods eer nie.

Laat ons daarom in hierdie feestelike tyd steeds sober bly en ons nie skuldig maak aan enige wanpraktyke nie. Dan hoef ons God se gerig nie te vrees nie.

# FRIKKIE AAN DIE WOORD

**DAGSê PUKKE!**

**Dit is alweer Intervarsity, maar meer nog, hierdie keer in Bloemfontein. Hieroor wil ons eers verskoning maak, Pukke, en ons hoop dat julle ook die probleem sal insien. Dit moet in Bloemfontein wees, omdat dit die enigste naastenby-geskikte plek in die Vrystaat is. Interessant om op te merk dat die Vrystaatse hoofstad en Bloemfontein toevallig dieselfde plek is.**

Nouja, dit sal dan ook seker gepas wees om enkele woorde oor die plek se geskiedenis te spreek en daardeur hoop ons dat julle die plek se toestand beter sal verstaan en begryp as julle die agtergrond ken. Vroeër jare was die hele Vrystaat die rugbyveld (mooi plat en gelyk en die berge van Transvaal, K.P. en Natal het as paviljoene gedien. Dit is nou ook al jare gelede in die dae voor die ontwikkelingsproses sy finale beslag in die Vrystaat gekry het. Transvaal het natuurlik baie vinniger ontwikkel, want dit was nader aan Egipte en Babilon en boonop was dit Caezar en Cleopatra se gewilde vakansieoord toe hulle nog skelm gevry het. Daardie jare was U.K.O.V.S. se strydkreet nog ,,Boggom!" — nie dat dit veel verskil van die hedendaagse ,,Vrysta-a-at!" nie.

Dit was darem maar glorieryke dae vir U.K.O.V.S. daardie. As enigste en grootste Universiteit in die Vrystaat kon dit sy stem op baie terreine dik maak. Tot watter groot hoogtes is hierdie universiteit nie gevoer deur die briljante en uiters bekwame rektor, Prof. Mosjesj nie.

Die wêreldtoestand is egter te plofbaar en ons moet vorentoe kyk. Ciprus is 'n kookpot en met Markarios as dirigent van die Grieke, lyk dit of die Turke nie die ding op die paviljoen gaan maak nie. Hier aan die suidpunt van Afrika loop die spanning ook maar hoog en dit lyk of die finale uitbarsting nie later as 22 Augustus sal wees nie. Nou wil ek ook niks sê nie, maar ek hoor die mense praat dat die Pukke en die Grieke se kanse ewe goed is.

Met ons vyftien guerrillavegters (dit is: lig-gewapende troepe wat snel van die een plek na die ander beweeg, sien Verklarende Woordeboek) wil ek niks goeds voorspel vir die vyftien swaargewapende tuiswagte van die Kovsies nie. Ons manne is lief vir kuier, moet dus nie verbaas wees as hulle gereeld agter die Kovsies se doellyn gaan kuier nie. Aan Jona Viljoen en sy manne wil ons net die versekering gee dat die paviljoen sal srog vir die nodige ondersteuning.

Die lus ontbreek, maar nogtans wil ek julle een en ander van my skurwe vriend, Jack Palance van der Linde, vertel. Die ou is natuurlik vernoem na Jack Palance, die filmster, wat eintlik mooi is van lelikheid. Jack Palance wou hom eers nie beskikbaar stel nie en na Saterdag sal hy die dag verwens dat hy hom wel beskikbaar gestel het as dirigent. Hy gaan so afgehaal wees soos die ou wat 'n fiets vir Kersfees verwag het en net 'n sussie gekry het. Ons hoop nou maar net dat Jackie nie weer vanjaar mik na die Hertzog-prys vir prosa nie. Ou Jackie is 'n modepop: as jy hom sien, sal jy dink Dior is 'n messelaar.

Pukke, die wat saamgaan, en ek glo ons gaan almal, gaan die dag geniet. Soos julle self voel, die gees is reg, want vanjaar se sing-songs laat Bassie Raasmus, die ghitaarspeler, se koortjies lyk of hulle in die geheim oefen. Boonop as die Alabama-orkes speel, klink die Johannesburgse stadsorkes soos die buurt se klonkies met tweede Nuwejaar. Onthou net, Pukkies, die massa en die dirigent is een (watter een?) as die massa begeesterd is dan is die dirigente ook reg en die omgekeerde geld ook.

Nouja, Pukkies, ons sien mekaar weer en dan gaan ons net mal en 'n xerf Bloemfontein rooi. Rus lekker uit op die trein Vrydagnag om gereed te wees vir die groot botsing op die paviljoen.

Sterkte,

Frik van Deventer.

# INTERVARSITY SPANNE

### P.U.-TAFELTENNIS

Die Tafeltennisklub is vanjaar oulik op dreef en met manne soos Fides Viljoen en Pieter v. d. Walt aan die spits, gaan die Pukke die Vrystaters wys waar Dawid die balletjies begrawe het.

### INTERVARSITIESPANNE

**Mans: Eerstespan**
P. v. d. Walt,
K. Viljoen,
C. Markgraaff.

**Tweedespan**
P. Marais,
P. Simpson,
W. Frauendorf.


**Derdespan**
C. v. d. Walt,
G. Uys,
J. Barnard.

**Vierde span**
L. v. d. Walt,
J. Kotze,
J. Booyens.

**Dames: Eerstespan**
R. Boshoff,
C. de Kock,
N. de Kock.

**Tweedespan:**
P. de Beer,
B. Brits,
S. Steyn.

**Derde span**
A. Rossouw,
R. Westvaal,
R. de Wet.



BAKKIES VAN WYK

# BOODSKAP AAN DIE PUKKIES MET INTERVARSITY

**„Pukkies gee die Kovsies opdraende pad!" Sal dit Saterdag bewaarheid word?**

,,Ons het alreeds die eerste ronde teen daardie 'varsity op Vrystaat Vlaktes gewen toe ons vir ou MomBakkies fên Waaik hier in ons geledere opgeneem het — daardie herkouende, armswaaiende, beenwikkelende Beatle van die Kovsies. Lyk my hy is al so tuis hier soos 'n groen brommer op 'n ashoop — maar die brommer het net 'n meer tevrede uitdrukking op sy gesig!

,,Saterdag sal julle ook vir ou ,,Jêk Palance" vanner Linde in beweging sien, wanneer hy soos 'n klomp tweedegraadse uitloopaartappels uit die goiingsak geskud word Hy is nou eintlik die ,,hoof ou" van die klomp Kovsies. Ek wil liewer nie sy ondergeskiktes sien nie, want ek dink Tsombe is trotser op sy onderdane as ou Jêk op syne! Arme Tsombe! Ons hoop maar ou Jêkkie kry Saterdag iets reg met daardie KATtekoor van hom — hulle sing mos nes 'n klomp hees kanaries wat drie weke laas ,,birdseed" gehad het.

,,Pukkies, nou rus die taak op ons! As ons gaan sing — en sommer baie spontaan gaan wees — sal ons rillings langs die Kovsies se ruggrate op en af laat resies hardloop, en ook terselfdertyd ons eie vyftientalle tot groter inspanning aanmoedig. Wat 'n grootse dag sal dit nie wees as ons die Kovsies met hul Kat en al die onderspit laat delf nie;

Laat ons met ons voorbeeldige gedrag, aangename sang en goeie sportmangees vir ons geliefde P.U.K. naam maak.

,,Deur julle samewerking, kan ons van hierdie Intervarsity 'n groot, GROOT dag maak! Geniet elke oomblik daarvan en alle sukses!"

THEO VORSTER.

# P.U. DAMESHOKKIE-SPANNE

Ofskoon die Dameshokkie vanjaar maar sukkel om kop bo water te hou, gaan ons eerstespan (met Este weer terug in die tuig) seer sekerlik egte en tipiese studentehokkie speel en sal die Kovsie-dames nie te gerus moet bly nie.

**Eerstespan**
Daleen Snyman,
Elza van Rooyen,
Susie Swanepoel,
Laura Benade,
Este Martins (Kapteine),
Mara Kotzé,
Koenie de Beer,
Rina Alberts,
Bettie Bingle,
Elrene van Deemter,
Sarie Fourie.


**Tweedspan**
Riana du Plessis,
Mariebe Rautenbach,
Jill Ivey,
Anna Welman,
Ananda Oosthuizen,
Nanette de Villiers,
Christie Jordaan,
Martha Smith,
Marietha Hattingh,
Ceciclia van Rooy,
Marianne Serfontein.

# MANSHOKKIE


**1ste span**
Dick Daly,
Maori Scholtz,
Roger Stotesbury (kaptein),
Jaap Verhoef,
Andre Muller,
Louis Viljoen,
George Simpson,
Bossie Snyman,
Peet Aucamp,
Stan Kennedy,
Jan-At Kruger.

**2de span:**
Schalk Sevenster,
Freek Viljoen,
Willie Enslin,
Piet Henning,
John Jarvis,
Reinie Monster,
Albert du Plessis,
Lou Aucamp,
Louis Verhoef,
Johan van der Walt,
Casper van Rooy.


Die eerstespan het tydens die Inter-Universitêre Toernooi daarin geslaag om Ukovs met 5-2 te verslaan en hulle is van plan om hierdie prestasie weer te herhaal. Ofskoon beide die spanne nie op volle sterkte is nie, kan ons seker wees dat die 22 manshokkiespelers Saterdag 22 Augustus weer eens geskiedenis gaan maak.



PIETER VAN DER WALT
Foto: Fotokuns



G. Scholtemeijer
Foto: Fotokuns



DAWIE SMITH
Foto: Fotokuns

# PUK SE TENNISPANNE

**Mans: Eeerstespan**
1. D. Smith.
2. T. Malan.
3. M. Labuschagne.
4. L. Roux.
5. P. v. d. Walt (Kaptein).
6. K. Meintjes.

**Tweedespan:**
1. Bob Wenteler.
2. Willie Roux.
3. Gerrit Scholtmeijer.
4. Klaas Heystek.
5. Johan Sander.
6. Jan v. d. Walt.

**Derdespan**
1. Pieter v. d. Walt (Eerstejaar).
2. Eben Boshoff.
3. Daan Morkel.
4. Larey Heydenreich.
5. Gerrie Wessels.
6. Willem Botha.

Reserwe: Jurie Venter.

**Dames: Eerstespan**
1. Leen Dreyer (Kapteine)
2. Anna Venter.
3. Hettie Jamneck.
4. Marieta Brink.
6. Jeanette Venter.
5. Louisa Joubert.

**Tweedespan**
1. Irene Vorster.
2. Marthie Vorster.
3. Piet Coetzee
4. Nicolette de Kock.
5. Centia de Kock.
6. Marietjies Lessing.

Reserwe: Cecilia Schutte.

Met omtrent al die staatmakers teenwoordig, gaan die Kovsies beslis Vrydag 21 Augustus les opsê en ons sien uit na 'n interessante mededinging op die tennisbane.

### NETBAL

**Eerste span**
Lottie Louw
Susan du Toit (Kapt.)
Jappie Oosthuizen
Elize Botha
Poppiie Prinsloo
Onina de Necker
Barbara Wessels

**Tweede span**
Beatrice Viljoen
Ponkie Hagen
Magdalena Nolte
Margie van Rooyen (Kapt.)
Mercia Retief
Ina Steyn
Marina v. d. Merwe

**Derde span**
Pietie de Wet
Marie v. Zyl
Ria Meyer
Anette Saaiman
Christine Fouché
Susan Ferreira
Helena Slabbert

### HOKKIE

**Mans: Eerste span**
A. v. Wyk
P. Morgan
P. von Bredaw
A. Corrigan (Kapt.)
G. Sebaggha
M. Lupton
R. du Bruin
J. du Plessis
R. Scott
P. v. d. Elshout

**Tweede span**
H. Pretorius
J. Beukes
J. van Wyk
F. van Heerden
T. Dekker (Kapt.)
C. van Rensburg
K. Pretorius
B. Barnard
A. Mol
N. Gibson
J. Moll

**Weens gebrek aan ruimte sal alle briewe volgende week geplaas word. (Red.)**

# *Kovsie Rugbyspanne*

**Eerste span**
15 D. Gray,
13 G. Cilliers
11 C. de Jager
12 L. Smit
14 D. Coetzee
10 G. de Haas
9 W. Strydom
1 J. van Schalkwyk
2 O. Kok
3 C. van der Merwe
6 P. Reinecke
4 J. Venter
5 K. Strydom
7 T. Jordaan (Kapt.)
8 G. Coetzer

**Tweede span**
30 T. Botha
29 C. Prinsloo
27 N. Louw
26 B Retief
28 C. Brink
25 P. van Biljon
24 H. Saayman
18 H. van Zyl
17 P. de Wet
16 J. Brand
22 J. Louw
20 A. van Niekerk
19 C. Rowan
21 T. du Plooy
23 M. Grobler (Kaptein).

**Derde span**
45 H. Reyneke
44 P. D. Ferreira
41 I. Cloete
42 J. Dennis
43 A. van Rensburg
40 M. Kleijn
39 G. Fowler (Kapt.)
33 P. Snyman
32 A. van der Merwe
31 J. Coetzee
36 H. van der Walt
35 P. Henning
34 J. P. Botha
37 S. Mentz
38 R. McDonald

**Derde span**
D. van Rensburg
V. Daniel
V. Daniel
B. Muller
P. Meyer
E. Brooks
A. Steyn
P. de Bruin
F. P. du Plessis
K. van Niekerk
L. G. Hechter (Kapt.)
G. Jooste
P. Haasbroek
B. Rossouw
J. Botha

**Vierde span**
N. van Zyl
P. Gous
P. Coetzer
H. van Rensburg
T. Claassen
J. Schoeman (Kapt.)
J. Kasselman
M. Styger
J. Brits
J. Botha
P. Ferreira
J. van Wyk
J. Wessels
J. Craven
K. Koekemoer

**O/19-span**
L. Theron
J. Liebenberg
H. Opperman
T. de Koker
H. Kruger
I. Zaaiman
D. Joubert
A. Scholtz (Kapt.)
T. Visser
J. Harris
Gerstner
W. Ferreira
C. Terblanche
L. Fourie
W. van den Bergh

# *PUK RUGBYSPANNE*

**P.U.:** De Villiers; Van Wyk, Van Tonder, Scholtemeijer, Visser; Redelinghuys, Van der Walt (O.Kapt.); Viljoen (Kt.), De Beer, Otto, Kruger, Tromp, Du Plessis, Barnard, Sauermann.

**P.U.:** Swanepoel; Vorster, Du Plessis, Havenga, Du Plessis; Du Plooy, Steyn; Ingram, Schoeman (Kapt.), De Wet, Duvenhage, Muller, V. d. Walt, Smit, Siebert.

**P.U.:** Venter, Schalekamp, De Klerk, Marais, Steenekamp; Kruger, Schutte; Van der Merwe (Kapt.), Malan, V. d. Merwe, De Bruin, V. d. Merwe, Schutte, Yssel, Scott.

**P.U.:** Trosky; Aucamp, V. d. Merwe, Marais, Morbel; Fourie, Kruger; Putter, Buys, Du Plessis, Van Graan, Meyer, Viljoen, Fouché, Briers (Kt.).

**P.U.: Venter;** Gey van Pittius, Nel, Vorster, Fouché; Coetzee, Kock; Viljoen, Venter, V. d. Walt, Rautenbach, Coetzee, Venter, Mulder, Daubell (Kapt.).

**P.U.:** Loretz; de Wet, Golding, Coetzer (Kapt.), Britz; Marais, Verwey; V. d. Bergh, Meyer, Serfontein, De Jager, Rothman, V. d. Walt, Van Wyk, Gey van Pittius.

# BAKKIES VAN WYK GEVANG

**Met fyn diplomasie en oorleg het die Pukke daarin geslaag om die dirigent van Ukovs, Bakkies van Wyk, reeds Maandag te skaak.**

In 1957 het die Puk Ukovs se dirigent (geraasleier) op 'n sensasionele wyse met 'n vliegtuig gevang, maar vanjaar het hulle daarin geslaag om hom sommer met 'n ordinêre motor aan te keer.

Die paneel ,,speurders'' wat die slinkse plan ten uitvoer gebring het, is mnre. Hennie van Aswegen, Des Brown en George Goulding. Mnr. Idyll van der Walt is die ,,brein'' wat die geleentheid geskep het.

Op die oomblik word Bakkies van Wyk goed bewaak, aangesien prof. Ryke van die departement Dierkunde baie in hom belangstel. Dit het glo met 'n skakel wat soek is te doen.

Talle Pukke het reeds hulle hare verloor in mislukte skaakpogings en het die hoedemarkaandele gestyg in Potchefstroom. Dit is net baie jammer dat ons so min van Ukovs se dapperes deesdae hier in Potchefstroom raakloop. Miskien is **hulle bang.**

Met hierdie geslaagde poging het die Pukke hulle gewreek op die diplomatieke neerlaag wat hulle gelei het toe Hans van Zyl twee jaar gelede geskaak is.

### TAFELTENNIS

**Dames: Eerste span**
A. Gray
E. Steyn
E. Malan

**Tweede span**
E. Strauss
J. Joubert
P. Prinsloo

**Derde span**
Z. Pienaar
R. Bothma
A. Kritzinger

**Reserwe:** A. v. d. Merwe

### HOKKIE

**Dames: Eerste span**
Marthie v. d. Merwe
Ina Schoeman
Yvonne Steward
Rinie Cilliers
Rosmé Bothma
Pauline de Villiers
Lettie Naudé
Elsa Strauss
Dalene Joubert
Fransien Cilliers
Louise Koornhoff (Kapt.)

**Tweede span**
Nog nie bekend nie!

### TAFELTENNIS

**Mans: Eerste span**
A. van Wyk
P. Groenewald
K. Roux

**Tweede span**
P. Snyman
E. Cronje
A. Coetzer

**Derde span**
F. Steyn
J. van Wyk
J. Schoeman

**Vierde span**
F. Hodgson
A. Pienaar
J. Zwiegers

**Reserwe:** M. Steyger

### SKYNHOF

**Advokate:**
Dolf van Coller
Uirno Haddad

**Grafier:**
Andrew Lynch

**Beskuldigde:**
Frans Roets

**Assessore:**
Mnre. N. Bobbert,
H. J. Coetzee

**Getuies:**
(i) Ronald McLaren
(ii) Ben du Toit
(iii) Gert Fourie
(iv) Dave Ellman

**Landdros:**
Advokaat J. J. F. Hefer

Vervolg van bladsy 1

Hannes Visser sal die gedugte Gert Celliers (Springbok) en Dave Nel moet laat bontstaan indien laasgenoemde paar betyds herstel. Hulle is hiertoe geensins onbekwaam nie. Sy onlangse enkelbesering veroorsaak ongelukkig dat Danie nie heeltemal wedstrydfiks is nie. Hannes is natuurlik 'n bedrieglike aanvaller hoewel sy verdediging as gevolg van sy kwesbare skouer nie bo verdenking is nie.

**WEDSTRYDWENNER**

Op heelagter het die Puk 'n potensiële wedstrydwenner in Spekkies de Villiers. Wanneer hy op dreef is, is hy vir enige span tien punte werd. As sy skopskoen Saterdag die telbord kan laat gesels soos teen Potgietersrus, kan U.O.-V.S. maar hulle harp aan die wilg hang. Spekkies is nie net 'n skopper nie, maar sy heelagterspel is so uit die boek. Sy posisionele spel en sy verdediging is bo verdenking. Dave Gray, sy teenstander, is egter 'n ewe bestendige speler.

Samevattend kan ons sê dat die span wat Saterdag die minste foute gaan maak en wat sy kanse die beste gaan benut, die uiteindelike wenners gaan wees. Die span wat wil wen sal moet saamspeel en saamjag, rotsvas verdedig en sy aanvalswerk teen die hoogste versnelling laat plaasvind.

AANVAL moet die wagwoord wees.

### STOEI

P. Steyn
T. Cloete
N. du Preez
N. van Tonder
D. Fourie
J. du Plessis
W. Bishoff
B. Spies

### SKAAK

J. Bester
P. Fourie
C. Jacobs
J. Heiseveldt
W. Koole
R. Morris
W. Scott
P. v. d. Elshout (Kapt.)

# Verloop van die wedstryde op rugbytoer

**Die Puk se rugbytoerspan wat gedurende die Julievakansie 'n besoek aan Noord-Transvaal gebring het, het aanvanklik gesukkel om hulle voete te vind en het die eerste vier wedstryde op 'n ry verloor. Daarna het hulle egter mooi reggeruk en die laaste drie wedstryde, insluitende Potgietersrus, oortuigend gewen.**

**MESSINA:**

Die Puk het deurgaans 'n gebiedsvoordeel geniet. Ongelukkig is Dries Redelinghuys en Faan van Tonder vroeg in die wedstryd beseer. Dit het die agterlyn ontwrig en al sy slaankrag ontneem. Die laaste tien minute was daar net een span op die veld en dit was nie Messina nie. (Want die Messinaspelers het besluit om maar huistoe te gaan).

Harry Meadon het sy teenstander onnodiglik by hom laat verbygaan vir twee drieë. Bertie Raman en Dave Tromp het uitgeblink. Drieë is behaal deur Paul du Plessis en Jan Kruger. Jona Viljoen het met 'n strafdoel geslaag. Eindtelling: Messina 16; Puk 9. Ongeveer 1,500 toeskouers het die wedstryd bygewoon.

**TZANEEN:**

Tzaneen het verdien om te wen, hoewel nie met 25-9 nie. In die eerste helfte kon die Pukke net nie hulle voete vind nie en was met rustyd 16-0 agter. Die tweede helfte het hulle mooi reggeruk en drie drieë teenoor 'n skepdoel, strafdoel en drie van die tuisspan behaal.

Die wedstryd het werklike aantreklike spel opgelewer wat deur die toeskouers geniet is. Faan van Tonder was ondanks sy besering die beste speler in die Pukspan terwyl Bennie de Klerk in die vir-hom-ongewone posisie van senter heeltemal puik vertoon het. Die losvoorspelers het ongelukkig die Tzaneen-skrumskakel heeltemal te veel beweegruimte toegelaat.

Bennie de Klerk, Jan Kruger en Danie van Wyk het drieë aangeteken. Danie het met 'n vervyfskop vlakvoor die pale totaal misluk.

**PHALABORWA:**

Op Phalaborwa het die Pukke met konstruktiewe rugby vorendag gekom en was beslis ongelukkig om met 14-16 te verloor. Indien hulle hanteerwerk hulle nie vroeg in die eerste helfte so in die steek gelaat het nie, kon die toerspan maklik gewen het.

Faan van Tonder was weer eens 'n steunpilaar terwyl Jona Viljoen, Dave Tromp, Paul du Plessis, Dries de Wet en Jan Kruger soos in elke ander wedstryd op die toer goed gespeel het. William Scott (senter) se verdediging was deurgaans van die beste. Danie van Wyk het verskeie kere vasberade genael. Vir een van sy twee drieë het hy dwarsdeur byna die hele Phala-span gebreek. Behalwe Danie het Bennie de Klerk ook agter die doellyn gekuier. Faan van Tonder het vir die ander punte gesorg met 'n goeie strafdoel en 'n vervyfskop.

**PIETERSBURG:**

Hoe gouer hierdie wedstryd vergeet word hoe beter. Van rugby was daar nie sprake nie; dit was 'n doellose rondgeskarrel op die veld. Tog het hierdie wedstryd die mooiste enkele beweging van die hele toer opgelewer toe feitlik die hele span die bal gehanteer het voordat Hannes Visser naby die hoekvlag gaan druk het. Dit was 'n juweelbeweging wat eers na links en toe na regs verloop het.

Kobie van der Walt het hier kom aansluit en hy het die meeste in die Pukspan verrig. Die eindtelling was 8-3 in die guns van Pietersburg.

**POTGIETERSRUS:**

Hierdie wedstryd was die uitstaande wedstryd van die toer. Potgietersrus was as 'n onoorwinlike reus bestempel, as die kampioen der kampioene. In die Pukkamp het egter vertroue ontstaan toe versterkings in die vorm van Spekkies de Villiers en Kobie van der Walt opgedaag het. Spekkies het dan ook 'n manjifieke vertoning op heelagter gelewer en vyftien punte aangeteken deur middel van twee strafdoele, een skepdoel en drie vervyfskoppe. Afgesien daarvan was hy ook regstreeks verantwoordelik vir 'n drie deur Hannes Visser wat hy van binne die Puk se kwartgebied aangevoor het.

Dit was 'n lus om die Puk se losspel in dié wedstryd te kon aanskou. Hulle was soos miere op die veld en altyd naby die bal. Boeboe Venter, Dave Tromp en Coert van der Merwe se spel sal nog lank op Potgietersrus onthou word.

Die oorwinning van 24-15 was soet. Potgietersrus se monde was gesnoer. Dit was Spekkies se wedstryd.

Behalwe die punte reeds genoem het Danie van Wyk en Dries Redelinghuys ook elk 'n drie gedruk.

**NABOOMSPRUIT:**


Die teenstand was maar einaeina en die Puk se spel dienooreenkomstig. Twee maal het Danie van Wyk die bal na 'n volle agterlynbeweging gekry en twee maal was hy in die hoek oor. Dit het aanvanklik gelyk of die Puk 'n groot oorwinning sou behaal, maar om een of ander rede het hulle vroeg in die wedstryd begin verslap. Daar was geen afronding nie. Eers in die doodsnikke het Bertie Raman 'n drie behaal om die eindtelling 9-6 vir die Puk te beklink. Spekkies kon nie met een van sy talle skoppe na die pale die kol tref nie.

**GROBLERSDAL:**

Die wedstryd teen Groblersdal is in 'n besondere aangename gees afgespeel. Dit was een van die wedstryde met Groblersdal se rugbydag op Gesinsdag. Die toeskouers (ongeveer 2,000) was uiters gemoedelik. Die spel was na aan sprankelend.

Oud-Puk Jan van der Schyff het vir die Puk senter gespeel en sommer meer slaankrag aan die agterlyn verleen. Dit was asof hy Bennie de Klerk begeester het, want Bennie het skitterend vertoon op senter. Onder die voorspelers het niemand beter vertoon as Jan Kruger nie.

Danie van Wyk het sy gebruiklike twee drieë gedruk, Bennie de Klerk, Jan Kruger en Coert van der Merwe een elk en ds. Jan van der Schyff het tien punte met die skoen behaal — twee strafskoppe en twee vervyfskoppe.



**D. v. Wyk**
Foto: Fotokuns

## STOEISPAN REG

Die stoeispan sien daarna uit om die Ukovs se hardebaardmanne op die stoeimat te ontmoet. Interessante gevegte word in die vooruitsig gestel en manne soos Piet Goosen behoort seker nie langer as twee minute in die kryt te wees nie. (Sy teenstander natuurlik ook).

Die span vir Intervarsity is:

1. J. Oosthuizen (Kapokgewig).
2. M. F. van der Walt (Veergewig).
3. R. F. Botha (Liggewig).
4. M. P. Lindeque (Weltergewig).
5. P. J. König (Weltergewig).
6. J. J. Brand (Weltergewig).
7. P. A. Goosen (Middelgewig).
8. L. G. Wolmarans (Middelgewig).
9. J. J. Viljoen (Swaargewig, Kaptein).
10. F. P. S. Erasmus (Bestuurder).

*Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.*

## SKAAKKLUB

Die volgende spelers is gekies om die P.U.-skaakklub op die Intervarsity te verteenwoordig:

D. Joubert,
Mej. S. A. Joubert,
A. L. B. du Plessis,
F. A. J. Coetzee,
N. J. Vreken,
A. J. Neethling,
J. A. Rautenbach,
W. J. C. van Rooy.



**S. de Villiers**
Foto: Fotokuns

# Spekkies loop los voor met punte

**SPEKKIES DE VILLIERS, puik heelagter van Theos die afgelope seisoen of drie, het vanjaar 'n onmisbare rol in die Eerstespan vertolk. Hy het tot dusver bykans die helfte van die totale aantal punte van die span aangeteken.**

Tot na verlede Saterdag se wedstryd teen Pote het Theos altesaam twaalf wedstryde gespeel, waarvan hulle agt gewen en drie verloor het, terwyl een gelykop geëindig het. Drie vriendskaplike wedstryde is hierby ingereken, naamlik teen Landboukollege, Viljoenskroon en die Oud-Theosspan. Laasgenoemde was een van die spanne voor wie die vlag gestryk moes word. Die ander twee was Lichtenburg en Klerksdorp.

Die span het tot dusver 148 punte aangeteken (waarvan Spekkies 61 aangeteken het) en 99 punte is teen hulle behaal.

Die volledige lys van spelers wat vanjaar reeds vir Theos punte behaal het, is (in volgorde wedstryde gespeel, drieë, vervyfskoppe, strafskoppe, skepskoppe, totaal):

| | S | D | V | Str. | S. | T. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Spekkies de Villiers ... ... ... | 12 | 2 | 11 | 9 | 2 | 61 |
| Danie van Wyk ... ... ... ... | 9 | 5 | — | — | — | 15 |
| Harry Meadon ... ... ... ... | 9 | 4 | — | — | — | 12 |
| Hannes Visser ... ... ... ... | 3 | 3 | — | — | — | 9 |
| Dries Redelinghuys ... ... ... | 11 | 2 | — | — | — | 6 |
| Jan Kruger ... ... ... ... ... | 12 | 2 | — | — | — | 6 |
| Poen Duvenhage ... ... ... | 6 | 2 | — | — | — | 6 |
| Jona Viljoen ... ... ... ... ... | 10 | — | — | 1 | — | 3 |
| Bulletjie de Beer ... ... ... | 12 | 1 | — | — | — | 3 |
| Dries de Wet ... ... ... ... | 2 | 1 | — | — | — | 3 |
| Faan van Tonder ...... ... ... | 11 | 1 | — | — | — | 3 |
| Barrie Barnard ... ... ... ... | 5 | 1 | — | — | — | 3 |
| Dave Tromp ... ... ... ... ... | 12 | 1 | — | — | — | 3 |
| Wesley Weeks ... ... ... ... | 3 | 1 | — | — | — | 3 |
| Chris Siebert ... ... ... ... ... | 1 | 1 | — | — | — | 3 |
| Klaas Havenga ... ... ... ... | 1 | 1 | — | — | — | 3 |

Die ander manne wat reeds vanjaar die Eerstespan verteenwoordig het maar nog nie punte aangeteken het nie, is Gieter van der Walt (twaalf wedstryde), Joof Otto (12), Dawid Sauermann (10), Paul du Plessis (8), Wyle Koos du Plessis (2), Richard Ingram (2) en Chris Aucamp (1).

**TOER**

Die statistieke van die toer van sewe wedstryde deur Noord-Transvaal word hieronder afsonderlik aangegee, omdat die volle Eerstespan nie die toer kon meemaak nie.

| | S | D | V | Str. | S. | T. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Danie van Wyk ... ... ... | 7 | 8 | — | — | — | 24 |
| Spekkies de Villiers ... ... ... | 3 | — | 3 | 2 | 1 | 15 |
| Jan Kruger ... ... ... ... ... | 6 | 3 | — | — | — | 9 |
| Bennie de Klerk ... ... ... | 5 | 3 | — | — | — | 9 |
| Hannes Visser ... ... ... ... | 5 | 2 | — | — | — | 6 |
| Faan van Tonder ... ... ... | 4 | — | 1 | 1 | — | 5 |
| Dries Redelinghuys ... ... ... | 6 | 1 | — | — | — | 3 |
| Bertie Raman ... ... ... ... | 3 | 1 | — | — | — | 3 |
| Paul du Plessis ... ... ... ... | 4 | 1 | — | — | — | 3 |
| Coert van der Merwe ... ... | 4 | 1 | — | — | — | 3 |
| Jona Viljoen ... ... ... ... ... | 7 | — | — | 1 | — | 3 |

In die toerwedstryd teen Groblersdal het Oud-Puk Jan van der Schyff 10 punte vir die Puk aangeteken.

MOENIE KANSE VAT NIE . . .
*Kies*
**FOTOKUNS**
*vir*
**PORTRETTE**
*en*
**GROEPFOTO'S**
MAAK 'N AFSPRAAK —— SKAKEL NET 3185

**GISELA MAIWALD**
*Fotograaf en Fotografiese Dienste*
TOMSTRAAT 100 —— POTCHEFSTROOM